

DIE PROBLEEM VAN DIE EERSTEJAAR-STUDENT

Deur Professor H.B. Thom,
Rektor, Universiteit van Stellenbosch.

(Opsomming van 'n voordrag voor die
Oranje-Klub, Kaapstad, 16 Okt. 1964, 7.30 nm.)

Die probleem van die eerstejaar-student op die universiteit het vandag, in Suid-Afrika en in die buiteland, 'n baie aktuele vraagstuk geword. Aan hierdie probleem is daar veral twee groot sye verbonde, die persoonlike en die akademiese, en ofskoon die twee sye in noue verband met mekaar staan, wil ek die klem op die akademiese sy laat val.

Van verskillende kante is in die jongste tyd aandag daarop gevestig dat daar onder eerstejaar-studente op die universiteite baie druipele voorkom. Die toestand is natuurlik nie oral dieselfde nie: volgens verslae wat in die afgelope jare die lig gesien het, is die druipele by sommige universiteite heelwat hoër as by ander, terwyl in sekere studierigtinge, bv. ingenieurswese, die druipele ook hoër is as in ander rigtinge, bv. tale en geesteswetenskappe.

Al sou ons toegee dat baie mense, wanneer hulle oor hierdie probleem praat, erg oordryf, dan bly die feit nogtans staan dat ons met 'n ernstige verskynsel te doen het, wat ons nie maar met lede oë kan aanskou nie.

Die blaam vir die hoë druipele is al taamlik kwistig uitgedeel: die skool blameer die universiteit, die universiteit blameer die skool, die student blameer die professor, die professor blameer die student, en almal blameer die onderwysstelsel. In die lig van die feit dat die blaam aan soveel deure gelê word, is dit nie vreemd dat daar dan ook 'n verskeidenheid van „oplossings“ aangebied word nie.

Sommige stel 'n addisionele skooljaar voor: dit sou dan meebring dat eerstejaar-studente ryper sal wees wanneer hulle

op universiteit kom, en dat hulle met meer vrug sal kan studeer. Ander meen dat die universiteite 'n vóór-akademiese jaar moet invoer: daardeur sou die universiteite hulle studente behoorlik vir die universiteitstudie kon voorberei. Kritici van hierdie voorstelle wys egter op praktiese moeilikhede, veral groot koste wat salarisse, geboue en toerusting vir 'n ekstra jaar, sowel op skool as op universiteit, sal meebring.

Ander meen dat die universiteitsjaar te kort is. Op die oomblik duur dit maar ag maande, en as dit 'n paar maande langer was, sou eerstejaar-studente met meer welslae kon studeer. Maar hierop word weer teengewerp dat 'n paar maande weinig verskil sal maak, aangesien dit op die universiteit nie soseer gaan om die hoeveelheid kennis wat opgedoen word nie, maar veel meer oor die manier of metodes waarop dit opgedoen word. Ook word daarop gewys dat baie studente die lang vakansie nodig het om iets te verdien ten einde hulle deur die universiteit te sien, en ook dat dosente vakansietye vir eie oorspronklike werk gebruik.

Daar is ook al ander „oplossings” voorgestel. Onlangs het iemand aan die hand gedoen dat studente nie toegelaat moet word om universiteit toe te gaan voordat hulle hulle negentiende jaar bereik het nie. Ander het voorgestel dat niemand aan die universiteit opgeneem moet word wat nie minstens 60% by die matrikulasie, of ander toelatingseksamen, behaal het nie, of dan ten minste 60% in dié vakke wat die grondslag vir die verdere studie op universiteit uitmaak.

Die jongste tyd het ook twee ander interessante voorstelle gebring. Daar is nl. in oorweging gegee dat gedifferensiëerde universiteitskursusse ingevoer word: afhangende van die intelligensie van die student - vermoedelik sy I.K. -

moet/.....

moet dit as normaal beskou word dat hy drie of vier of vyf jaar vir sy graadkursus neem. En dan is daar verder voorgestel dat die eerste universiteitsjaar minstens anderhalf jaar moet duur, ten einde jong studente die kans te gee om die oorgang van die skool na die universiteit met meer welslae te oorbrug.

Die probleem is egter in werklikheid nie so eenvoudig dat dit deur enigeen van hierdie voorstelle - of selfs deur almal saam - opgelos sal word nie. Intendeel, ons het met een van die ingewikkeldste van universiteitsvraagstukke te kampe. Ons moet onthou dat ons hier met mense te doen het, en geen twee mense is éners nie, veral nie wat hulle gees en geestelike vermoëns betref nie.

Leerlinge op skool is verskillend, en hulle reageer verskillend op die onderwys wat hulle ontvang; en onderwysers is verskillend en gee op verskillende maniere onderwys. Dieselfde geld vir studente en dosente. Leerlinge en studente is ook verskillend wat betref hulle liefde, belangstelling en aanleg vir 'n vak. En onderwysers en dosente is nie ewe bekwaam in die onderwys wat hulle gee nie. Ons kan dus nie verwag om 'n eenvoudige resep te kry, wat vir ons 'n maklike oplossing van die probleem sal bring nie.

Ons huidige stelsel op skool en universiteit het ongetwyfeld swakhede, maar dit het gewis ook verdienstes. Ten spyte van klagtes oor onrype, jong eerstejaar-studente het baie van ons vooraanstaande manne kinderlik jonk op universiteit gekom en later 'n uitnemende sukses van hulle lewe gemaak. En ten spyte van die kort universiteitsjaar, wat, terloops gesê, so oud soos die universiteite self is, het tal van studente skitterend gepresteer. Miskien kan gesê word dat dié sukses daar was ten spyte van ons stelsel, maar ons moet

nietemin daarteen waak om die skuld vir mislukkings nie sonder meer by ons stelsel te soek nie.

Wat staan ons dan te doen?

Ek moet dadelik erken dat ek geen „hoë woord" wil of kan spreek nie! Ek weet van geen resep wat die probleem sonder meer sal oplos nie. Vanselfsprekend moet ons ons gedurig van ons stelsel rekenskap gee. Ons moet dit deeglik ondersoek om, veral by verandering van tydsomstandighede soos ons vandag op verskillende terreine van die lewe in so 'n hoë mate ondervind, hervorminge teweeg te bring wat vir die grootste aantal kandidate die beste resultate sal lewer, mits natuurlik - en dit is 'n noodsaaklike voorwaarde - ons in die proses nie die briljante kandidate aan verveling en frustrasie oorlewer nie.

Maar, en dit lê aan die wortel van die saak, ons moet die stelsel wat ons het, na die beste van ons vermoë gebruik. Dit geld nie net vir die een of die ander van ons nie, maar vir almal en elkeen wat met die probleem gemoeid is. Elkeen moet by homself begin. Ouers moet besef dat, as hulle hulle kinders deur die skool kan laat gaan en na die universiteit kan stuur, dit 'n voorreg is wat ten beste gebruik moet word.

Onderwysers en dosente moet weet dat, waar hulle met die vorming van jongmanne en jongvroue vir die diens van ons land belas is, hulle 'n swaar verantwoordelikheid dra, wat met groot erns en toewyding aanvaar en uitgevoer moet word. Dit is hierdie besef wat die Universiteit van Stellenbosch, na deeglike ondersoek, enige jare gelede laat besluit het om sy eerstejaarstelsel van intensiewe voorligting en raadgewing in te voer, wat nou reeds aanvaarde beleid van die Universiteit geword het en waardeur menige jong student, blykens briewe wat van tal van ouers ontvang is, gehelp is om 'n sukses

van sy/.....

van sy studieloopbaan te maak.

Jong studente moet self ook besef dat hulle 'n seldsame geleentheid kry wanneer hulle die dag na die universiteit gaan. Dit moet ^{vir} hulle groot erns wees om aan die hoë verwagtinge van hulle ouers te voldoen; en dit sal hulle alleen kan doen as hulle die geleentheid met beslistheid en geesdrif aangryp. Studente moet van die begin af besef dat ~~dit~~ die universiteitstudie nie 'n vrypas tot pret en plesier is nie, maar dat dit ^{vir hulle} die geleentheid bied om - saam met gesonde pret en plesier - deur harde werk en pligsgetrouheid bowenal tot harmonieuse selfontwikkeling en selfontplooiing te kom.

Almal van ons, ouers, onderwysers, dosente en studente, moet goed verstaan dat die eerstejaar die vernaamste - en gewoonlik die moeilikste - universiteitsjaar is, en dat dit in die lewe van die jong student ook dikwels die beslissende jaar is. Slegs deur die doelbewuste, hartlike samewerking van almal kan ons jong mense gehelp word - en sal hulle hulleself kan help - om, as mense van geeskrag, denkkrag en dryfkrag, ware bates vir Suid-Afrika te word.